

30 Junie 2 Tessalonisense 2:1-12; Openbaring 13:1-10 (1933-vert.)

Nóg 'n teken van die tye: die koms van die Antichris

Die benaming "Antichris" word gebruik om dié mag of persoon aan te dui wat in die tyd, kort voor die wederkoms van Christus, die wêreld sal regeer. Paulus verwys na 'n spesifieke persoon wat op 'n sekere tydstip - wanneer die groot afval besig is om plaas te vind (vers 3) - op die wêreldtoneel sal verskyn. Hy gebruik egter nie die benaming "Antichris" nie (alleen Johannes noem die komende wêrelddiktator so, vgl. 1 Joh. 2:18 en 22 en 2 Joh. 1:7), maar 'n hele aantal terme om hierdie persoon aan te dui. In Daniël 7 en 8 en in Openbaring 13 word baie van hierdie terme vir die komende Antichris ook aan ons voorgehou. Satan is baiekeer in die geskiedenis die groot "Na-aper" van God genoem. Hy sal hom dan ook in die volheid van die tyd in hierdie wêreld openbaar as die drie-enige bose mag wat hom teenoor die Drie-enige God sal stel. Die duiwel, as vader van die leuen, teenoor God die Vader; die Antichris teenoor Jesus Christus; en die Valse Profeet teenoor die Heilige Gees.

Soos in die geval van die ander tekens van die tye, geld dit ook hier dat daar in die geskiedenis al baie persone as die Antichris beskou is of as tipe of voorloper van hom gebrandmerk is. Samevattend kan gesê word dat die omstandighede en tendense op die wêreldtoneel besig is om vir die koms van 'n anti-christelike wêreldmag, met een diktator, reg te skuif. Wanneer en waar die Antichris in lewende lywe sy verskyning gaan maak, kan niemand voorspel nie. Dit is egter duidelik dat die tekens van die tye al hoe meer in vervulling gaan. Daarom moet ons elke dag waak en bid, vas staan in die ware Christelike godsdiens, Jesus Christus navolg, al ons hulp en ons krag, beskerming en bewaring van ons Vader in die hemel afsmeek en deur die Heilige Gees volhard in die geloof... tot die einde toe.

Sing: Skrifberyming 24:3, 7Ds. K. van Niekerk (Pretoria- Wonderboom- Suid)